SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONALE KANTOOR
NATIONAL OFFICE

t: 012 436 0900 / e: saou@saou.co.za / w: www.saou.co.za

Nasionale Nuusbrief / National Newsletter

05/2019

13/02/2019

PRIVAAT SELFONE

Mag opvoeders verplig word om 'n privaat selfone te gebruik en WhatsApp-groepe te stig?

Voortspruitend uit verskeie navrae het dit onlangs onder die aandag van die SAOU gekom dat sommige skole opvoeders verplig om WhatsApp (WA) groepe te stig deur gebruik te maak van hul persoonlike nommer en selfoon om sodoende meer effektiewe kommunikasiekanale met ouers ten behoewe van die skool te bewerkstellig.

Die gebruik van sosiale media het baie voordele, maar net soveel negatiewe gevolge. Opvoeders oor 'n wye front kla dat hulle "gebombardeer" word met boodskappe van ouers tot laat na werksure en ook oor naweke. Ouers beskou die WA-groep as 'n amptelike skool kommunikasie-kanaal en eerbiedig hoegenaamd nie die betrokke opvoeders se reg op privaatheid nie.

Skole moet kennis neem van artikel 14 die Reg op Privaatheid soos gestipuleer is in die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, 108 van 1996 en beteken dat -

- Elke persoon die reg op privaatheid het;
- Die reg op privaatheid die reg op beskerming teen die onregmatige versameling, retensie, verspreiding en gebruik van persoonlike inligting insluit.

Gemelde artikel moet saamgelees word met die Beskerming van Persoonlike Inligting Wet, 2 van 2013 (POPI). Die doel van die wet is om effek te gee aan die konstitusionele reg op privaatheid, deur persoonlike inligting te beskerm as dit geprosesseer word deur 'n ander party, onderhewig aan verantwoordbare beperkings.

<u>Wat beteken dit in praktyk?</u>

PRIVATE CELL PHONES

May an educator be compelled to use a private cell phone to create WhatsApp groups?

Emanating from several enquiries It was recently brought to the SAOU's attention that some schools require that educators must create WhatsApp (WA) groups and to use their personal cell phones to establish more effective communication channels on behalf of the school with parents.

This use of social media may have positive spin-offs for the school, but the negative consequences of social media must be considered. Educators over a wide front complain that they are "bombarded" with messages until late after school hours and also over weekends. Parents regard the WA groups as an official school communication channel and have no regard whatsoever for the affected educators' right to privacy.

The attention of schools are specifically drawn to the Right to Privacy as stipulated in section 14 the Constitution of the Republic of South Africa Act 108 of 1996, i.e. that -

- Everyone has the right to privacy;
- The right to privacy includes a right to protection against the unlawful collection, retention, dissemination and use of personal information.

Said section must be read in conjunction with the Protection of Personal Information Act 2 of 2013 (POPI) that gives effect to the constitutional right to privacy, by safeguarding personal information when processed by a responsible party, subject to justifiable limitations

<u>What does this mean?</u>

- A private phone is exactly that – private. Any use on behalf of the school can only be on a voluntary basis.

▪ 'n Privaat selfoon is presies dit – privaat. Enige gebruik ten behoewe van die skool kan slegs op vrywillige basis geskied. ▪ Skole kan vrywillige deelname versoek, maar is nie verplig om hulle persoonlike nommers aan ouers en leerders openbaar te maak nie. ▪ Skole mag nie opvoeders verplig om deel te wees van WhatsApp-groepe nie. ▪ Oorweging kan deur skole verleen word om 'n redelike toelaag as kompensasie aan opvoeders te betaal indien privaatnommers en selfone ten behoewe van die skool gebruik word.	▪ Schools may not compel educators to divulge personal cell phone numbers to parents and learners. ▪ Schools may not compel educators to be members of WhatsApp groups. ▪ Consideration may be given to pay a reasonable allowance as compensation to educators in those cases where private numbers and cell phones are used on behalf of the school.

DIE VAKBOND WAT OMGEE / THE UNION WHO CARES

TENDER OP SAOU VOERTUIE

Die SAOU beskik tans oor twee voertuie wat op tender geplaas word. SAOU-lede word die geleentheid gebied om te tender op die twee voertuie soos hieronder uiteengesit.

Tendervoorwaardes

Die volgende voorwaardes is van toepassing indien 'n tender ingedien word:

- Voertuie word voetstoots verkoop. Voertuie word op grond van die SAOU beleid rakende motorvoertuie verkoop.
- Oordrag- en lisensieëringskoste is vir die rekening van die koper.
- Die kopers is verantwoordelik om die voertuie by die Nasionale kantoor waar die voertuie tans is, af te haal.
- Die voertuie sal tydens 'n formele vergadering van die Tenderkomitee aan die hoogste tender toegestaan word. Die besluit van die Tenderkomitee is finaal.
- Suksesvolle persone sal reeds teen 21 Februarie 2019 voor 12:00 ingelig word. Betaling van die suksesvolle tenders moet voor 12:00 op Vrydag, 22 Februarie 2019 gemaak word.
- Indien finansiering benodig word, kan dit deur FINSA hanteer word, mits u kwalifiseer.
- Dui asseblief op u tender aan indien u van FINSA finansiering gebruik sou wou maak.
- Voertuie sal teen 22 Februarie 2019 beskikbaar wees en sal slegs afgehaal kan word indien 'n bevredigende betaalreëling getref is.
- Slegs SAOU-lede kwalifiseer om 'n tender in te dien.
- **Tenders moet na die Interne Ouditeur slegs per e-pos gestuur word**, janiew@saou.co.za
- **Die volgende moet in die tender vervat word:**
    - Plek van motor (Pretoria)
    - Tenderbedrag
    - Word belanggestel in FINSA finansiering?
    - Kontakbesonderhede van tenderaar:
        - Voorletters en van
        - ID-nommer
        - Selfoonnommer
        - Werkplek
- **Sluitingsdatum vir tenders is 20 Februarie 2019 teen 12:00.**

Pretoria

- 2014 Toyota Etios 1.5 Xi (Beige Metaal – "Goud")
- Ongeveer 170 600km
- Reserweprys: R89,700.00
- Foto 1 en 2 word aangeheg as verwysing
- Navrae en/of besigtiging: Anton van Duyker by antonvd@saou.co.za of (012) 436-0900

Pretoria

- 2014 Mazda BT-50 2.2 2x4 (Wit)

- Ongeveer 129 000km
- Reserweprys: R257,350.00
- Ekstras – Leer sitplekke, kappie, nuwe bande, vol diensplan, trekstang, “bull bar” met kolligte, “side steps”.
- Foto 3 en 4 word aangeheg as verwysing
- Navrae en/of besigtiging: Anton van Duyker by antonvd@saou.co.za of (012) 436-0900

Foto 1

Foto 2

Foto 3

Foto 4